

DIE LIG VAN LIEFDE

Kopiereg © 2020 Dwell App, LLC

Alle regte voorbehou. Geen deel van hierdie publikasie mag gereproduseer, versprei of in enige vorm of op enige manier oorgedra word nie, insluitend fotokopiëring, opname of ander elektroniese of meganiese metodes, sonder die vooraf skriftelike toestemming van die uitgewer, behalwe in die geval van kort aanhalings wat vervat is in resensies en sekere ander nie-kommerciële gebruike wat deur die wet op outeursreg toegelaat word. Vir toestemmingversoeke, kontak Dwell by hello@dwellapp.io

ISBN: 978-1-7359832-1-9

Gepubliseer deur *Dwell*

Omslagontwerp deur Poxel Creative

Binne-ontwerp deur Andy Meaden / meadencreative.com

Met toesstemming vertaal deur Rozeldi Trollip

Inleiding

Advent is 'n reis, en soos elke reis wat die moeite werd is om te onderneem, word dit die beste saam met vriende geneem. In hierdie seisoen onthou ons dat ons Here gekom het om die wêreld met homself te versoen (2 Kor. 5:19). Ons reis nie in isolasie nie, maar as die familie van God, gevul met hoop en afwagting. Alhoewel baie van hierdie gids ontwerp is vir persoonlike gebruik, is dit goed om te onthou dat jy saam met broers en susters in Christus is - mense met soortgelyke twyfel en uitdagings, maar tog dieselfde vertrou het in die goedheid en barmhartigheid van God wat ten toon gestel is in die menswording van Christus.

Die meeste kenners glo dat jy binne slegs 21 dae 'n blywende gewoonte kan vorm. Alhoewel hierdie adventsgids 'n reis van 27 dae is met 'n gedefinieerde begin- en eindstreep, is dit bedoel om blywende roetines en lewenspatrone te vorm wat voortduur lank nadat die seisoen eindig. Om hierdie rede kan jy heelwat herhaling verwag in die volgende bladsye. Ons lees dieselfde of soortgelyke Skrifgedeeltes etlike dae na mekaar. Ons ontvang elke dag klassieke wysheid van mans en vroue wat ons vooruitgegaan het. Ons herhaal dieselfde gebede en besin oor soortgelyke temas, en die daaglikse praktyke wat aanbeveel word bou op mekaar en is nou verwant aan mekaar. Al hierdie dinge is opsetlik, en ons word uitgenooi om rustig te raak en die werk van God in ons lewens raak te sien en nuwe en blywende gewoontes te smee wat ons al hoe nader aan Hom sal bring.

In die komende weke sal baie min eksterne dinge in jou lewe jou aanspoor om aandagtig te rus in die teenwoordigheid van God. Ons word eerder aangemoedig om angstig van die een partytjie na die volgende te jaag, van op die nippertjie-inkopies tot gesinsbyeenkomste. As ons nie intensioneel is oor ons tyd saam met God nie, is dit presies wat sal gebeur. Mag ons egter, te midde van al die feestelikheid, tydens Advent leer om bloot by Christus te woon, God met ons.

Week 1

DAG 1

'n Verborgte koms

Jesaja 64:1-9; Psalm 80:1-7 & 80:17-19; 1 Korintiërs 1:3-9; Markus 13:24-37

“There is a birth from God before the ages, and a birth from a virgin at the fullness of time. There is a hidden coming, like that of rain on fleece, and a coming before all eyes, still in the future.”

–St. Cyril of Jerusalem

Hierdie tyd van die jaar word ons toegevoeg in die warm gloed van kersliggies. Selfs die mees geharde skeptikus se hart word versag deur 'n bestendige stroom nostalgiese films, musiek, etes en tradisies, en in die middel van hierdie sentimentaliteit lê 'n baba in 'n krip. Met die noem van hierdie kindjie is dit moeilik om aan iets anders te dink as die tradisionele geboortetoneel, met Maria, Josef, die wyse manne en 'n klompie tuindiere, wat almal eerbiedig hulde bring aan die pasgebore Koning. Hoewel tydloos, is hierdie prentjie 'n onvolledige en eensydige voorstelling van die aard en doel van Christus se geboorte.

In Advent sien ons beide die nederigheid en die krag van God. Deur Christus kom ons God teë in die chaos en gebrokenheid van ons wêreld, en Hy neem dit op homself om te genees, te verlos en te herstel. Maar tegelykertyd is die geboorte van Christus 'n geboorte wat die aarde tot in sy diepste wese skud. Dieselfde krag wat die sluier in twee skeur, klippe in die helfte breek en grafte oopmaak, is vervat in die broosheid en kwesbaarheid van 'n babakind (Matt. 27:51-53).

Deur Jesus word die gebed van Jesaja 64:1 duidelik beantwoord: “As U maar die hemel wou oopskeur en wou afkom sodat die berge voor U skud!” Advent beteken letterlik 'koms' of 'naderende koms', en as die volk van God word ons jaarliks uitgenooi om aandagtig in 'n seisoen van heilige afwagting in te gaan. Laat ons, soos ons in hierdie afwagting in beweeg, nooit die ware aard van die koning wat gekom het, en weer sal kom, uit die oog verloor nie.

Gebed vir die week

Almagtige God, gee vir ons genade om die werke van die duisternis weg te werp en die wapenrusting van die lig aan te trek, in die tyd van hierdie sterflike lewe waarin U Seun, Jesus Christus, ons in groot nederigheid kom besoek het; sodat ons op die laaste dag, wanneer Hy in Sy heerlike majesteit sal terugkeer om die lewendes sowel as die dooies te oordeel, tot die onsterflike lewe kan opstaan; deur Hom wat saam met U en die Heilige Gees woon en regeer as een God, tot in alle ewigheid. Amen.

Refleksie & oefening

In 'n seisoen gevul met bedrywigheid en afleiding, word jy hierdie week uitgenooi om te fokus op die praktyk van **gebed**. Om mee te begin, besin vandag oor *waar* jy bid. Het jy 'n toegewyde plek van gebed in jou huis? Indien nie, neem die tyd om 'n plek te identifiseer waar jy gedurende hierdie Adventseisoen daagliks kan bid, asook eenvoudige maniere om hierdie ruimte eerbiedig te maak en vir die Here af te sonder.

DAG 2

Alles sal ten goede meewerk

Psalm 79; Miga 4:1-5; Openbaring 15:1-8

“It is true that sin is cause of all this pain; but all shall be well, and all shall be well, and all manner of thing shall be well.”

–Julian of Norwich

Advent dwing ons om die gebrokenheid binne ons en om ons te konfronteer. Alhoewel dit hedendaagse logika te bowe gaan, is sonde 'n siekte waarvoor ons nie 'n blywende geneesmiddel kan vind nie. Geen hoeveelheid tegnologiese vooruitgang of wetenskaplike ondersoek sal 'n oplossing vir hierdie tydlose probleem lewer nie. Om hierdie rede het Advent in die kerk ontwikkel as 'n boetevolle voorbereidingstyd – 'n tyd waarin ons, ter voorbereiding van die viering van die koms van Christus, ons eie sonde ondersoek. Terwyl God nader kom, word ons uitgenooi om te treur oor die manier waarop die sonde ons van Christus vervreem. Ons erken ons behoefte aan die barmhartigheid en deernis van ons Here. Soos die Psalmdigter uitroep: “Help ons, o God, ons Redder, ter wille van die eer van u Naam, red ons, vergewe ons ons sondes tot die eer van u Naam” (Ps. 79: 9).

Temas van lig en duisternis kom sterk voor in die Skriflesings gedurende hierdie seisoen. In die antieke wêreld was elektrisiteit en kunsmatige lig vreemde begrippe. In die Skrif kom ons eerder beelde van die vurige teenwoordigheid van God teë. Dit is hierdie wilde en ontembare lig wat selfs die diepste duisternis deurboor. Dit is 'n vuur wat verteer en brand as dit nader kom. En hoe verwarrend dit ook al mag lyk, dit is baie goeie nuus!

Christene behoort aan die brand te wees met die lewe van God. Soos die brandende bos van ouds, word ons uitgenooi om gevul te word met die vuur van God maar tog nie daardeur verteer of vernietig te word nie. Die naderende vuur van God bring vir ons genesing, nooit skade nie. Die Here het ons meer lief as wat ons ooit onself kan liefhê, en as ons oopmaak vir die genesende vlam van Sy liefde, rus ons in die belofte dat alles ten goede sal meewerk.

Gebed vir die week

Almagtige God, gee vir ons genade om die werke van die duisternis weg te werp en die wapenrusting van die lig aan te trek, in die tyd van hierdie sterflike lewe waarin U Seun, Jesus Christus, ons in groot nederigheid kom besoek het; sodat ons op die laaste dag, wanneer Hy in Sy heerlike majesteit sal terugkeer om die lewendes sowel as die dooies te oordeel, tot die onsterflike lewe kan opstaan; deur Hom wat saam met U en die Heilige Gees woon en regeer as een God, tot in alle ewigheid. Amen.

Refleksie & oefening

Neem vandag tyd om te oorweeg *wanneer* jy bid. Net soos 'n gesonde dieet of oefenplan, het jy 'n voorspelbare roetine nodig om in jou gebedslewe te kan groei. Alhoewel ons oral en te alle tye kan en moet bid, word ons lewe by God versterk wanneer ons opsetlike en voorspelbare **patrone van gebed** daarstel.

DAG 3

Ware geluk

Psalm 79; Miga 4:6-13; Openbaring 18:1-10

“You seek a happy life in a land of the dying: it is not there. How could a life be happy where life is missing? Our life, our true Life, descended into the world, took our death upon his back and destroyed it with the superabundance of his life.”

–St. Augustine of Hippo

Advent is in wese 'n reis van liefde. In hierdie opsig is dit 'n seisoen van verhoogde oplettendheid wat ons herinner aan die waarheid wat te alle tye en in alle plekke heers: dit is die liefde van God wat in Christus tot ons nader, dit is die Gees van God wat ons voed en onderhou op ons lewenspad, en dit is die perfekte eenheid met God die Vader wat die doel en bestemming van ons lewens bly. Hoewel ons in die kern van ons wese weet dat dit waar is, word die lewe dikwels kortsigtig geleef en word ons so maklik afgelei – ons word na die een of die ander kant toe getrek deur mindere “liefdes” wat vervulling belowe, maar ons steeds leeg en misvormd laat.

Om die liefde van God in hierdie Adventseisoen werklik te beleef, moet jy bereid wees om weg te draai van die begeertes wat jou geestelik blind en afgestomp laat. Soos Openbaring ons herinner, leef ons in 'n wêreld soos Babilon van ouds, dronk van seksuele begeerte, mag en weelde. Die oplossing? “Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie aan haar sondes deel kry en die plaë wat oor haar kom, julle ook tref nie” (Op. 18:4).

Ware geluk word nie in absolute vryheid gevind nie, maar in 'n lewe wat ooreenstem met die deugde en waardes van die koninkryk van God. Die weë van die Here is nooit tot jou nadeel nie, maar dit is vir jou genesing. Jy word vrygemaak om 'n liefde te ontvang wat jou werklik menslik maak; 'n liefde wat jou hart en gedagtes so vernuwe dat jy na buite gestuur kan word om jou lewe weg te gee as 'n geskenk van liefde vir die lewe van die wêreld. Dit is die ware gees van Advent, en waar geluk altyd te vinde is.

Gebed vir die week

Almagtige God, gee vir ons genade om die werke van die duisternis weg te werp en die wapenrusting van die lig aan te trek, in die tyd van hierdie sterflike lewe waarin U Seun, Jesus Christus, ons in groot nederigheid kom besoek het; sodat ons op die laaste dag, wanneer Hy in Sy heerlike majesteit sal terugkeer om die lewendes sowel as die dooies te oordeel, tot die onsterflike lewe kan opstaan; deur Hom wat saam met U en die Heilige Gees woon en regeer as een God, tot in alle ewigheid. Amen.

Refleksie & oefening

In die gees van 'verhoogde oplettendheid', word jy genooi om vandag tyd te neem om ten volle by God *aanwesig* te wees in gebed. Dit is maklik om gebed bloot in te pas saam met 'n dosyn ander aktiwiteite. Skep liever **onafgebroke tyd** saam met God deur te leer om opnuut na Sy sagte stem te luister (1 Konings 19: 11-12).

DAG 4

Nederige glorie

Psalm 79; Miga 5:1-5a; Lukas 21:34-38

“A sublime being entering into a relationship with such a lowly being does no harm to his own reputation, yet raises that other being up from its lowness: this is precisely what was fulfilled in Christ. He did not diminish his divine nature in any way by this lowering of himself, yet we who had been living in darkness and disgrace were raised up to ineffable glory.”

–St. John Chrysostom

Die kern van die Christelike geloof lê in die oortuiging dat God vergete, verstote en neerslagtige mense sien, liefhet en verwelkom. In 'n wêreld wat sterk en invloedryke mense waardeer en vier, telkens in woord en daad, herinner Jesus ons daaraan dat swakheid en nederigheid die weg tot heerlijkheid en die weg van blywende vrede is. Op hierdie manier is Advent 'n aanhoudende herinnering aan die onderstebo aard van God se koninkryk.

Die nederigheid van die menswording van Jesus is lank gelede voorspel. Soos Miga ons herinner, is dit uit Betlehem, onder een van die “klein families in Juda”, dat die ware koning van Israel sal kom, en “Hy sal optree en hulle laat wei in die sterkte van die Here, in die majesteit van die Naam van die Here sy God” (Miga. 5:2 & 3). Vanuit hierdie nederige oorsprong nooi Jesus ons voortdurend uit om aandag te gee aan dit wat dikwels oorgeslaan word, verwaarloos en onderwaardeer word. Moenie teneergedruk word deur die bekommernisse van hierdie lewe nie (Luk. 21:34), maar leer om die heerlijkheid van God rondom jou raak te sien. Dit is die mosterdsaad wat groei om skaduwee en rus te gee aan almal wat nader kom (Matt. 13: 31-32). Dit is gis, klein en ongesiens, wat die hele brood deursuur (Luk. 13: 20-21).

In 'n seisoen gevul met talle afleidings en potensiële spanning, is dit maklik om die nederige hoop van Advent en die tere medelye van ons Here te ignoreer. Net so kan ons in die versoeking kom om te glo dat die Here min belang stel in die sorg van ons lewens. Hy het beslis belangriker dinge wat Sy tyd en aandag verg! Maar in die stille nederigheid van die krip in Bethlehem, word ons weereens daaraan herinner: daar is nie enkele bekommernis wat onopgemerk bly nie, en ook geen droefheid wat nie genees word nie.

Gebed vir die week

Almagtige God, gee vir ons genade om die werke van die duisternis weg te werp en die wapenrusting van die lig aan te trek, in die tyd van hierdie sterflike lewe waarin U Seun, Jesus Christus, ons in groot nederigheid kom besoek het; sodat ons op die laaste dag, wanneer Hy in Sy heerlike majesteit sal terugkeer om die lewendes sowel as die dooies te oordeel, tot die onsterflike lewe kan opstaan; deur Hom wat saam met U en die Heilige Gees woon en regeer as een God, tot in alle ewigheid. Amen.

Refleksie & oefening

Die *woorde* wat ons in gebed gebruik, openbaar ons aannames oor God en hoe ons met Hom vereenselwig. Om hierdie rede leer Jesus ons eerstens dat God '*Ons Vader*' is. Alhoewel persoonlike, spontane gebede altyd gepas is en aangemoedig word, moet jy vandag die tyd neem om ook die **woorde** te bid wat ons Here ons geleer het om te bid (Matt. 6:9-13).

DAG 5

Laat ons terugkeer

Psalm 85:1-2, 8-13; Hosea 6:1-6; 1 Tessalonisense 1:2-10

“Repentance itself is nothing but a kind of circling: to turn to the One by re-pentance from whom, by sin, we have turned away.”

–Lancelot Andrewes

Om as Christen te leef, moet 'n mens leer om gemaklik te wees met spanning. Alhoewel dit nie so eenvoudig is as wat ons sou verkies nie, vind ons wysheid daarin wanneer ons oënskynlik teenstrydige idees naby mekaar hou. Neem byvoorbeeld die antieke woorde wat ons vandag uit Hosea 6 kry: "Kom, laat ons terugkeer na die HERE." Binne hierdie enkele frase word ons gekonfronteer met die werklikheid dat ons self verantwoordelik is om na ons lewe en verhouding met God om te sien, sowel as die feit dat om terug te keer na God moontlik gemaak word deurdat Hy eerste na ons toe genader het.

Tydens Advent, soos wat die Here nader aan ons kom, moet ons die toestand van ons lewens aktief ondersoek. Is ons gereed om Hom te groet met Sy aankoms? Op hierdie manier is bekering altyd die kern van getroue voorbereiding. Om te bekeer is nie net om hartseer te voel oor die uitwerking van sonde in jou hart en lewe nie, maar dit is eweneens 'n wilshandeling, dit is die doelbewuste wegdraai van sonde en dood en die aanneem van gewoontes wat ons na plekke van vrede lei.

Jy kan God hartstogtelik nastreef sonder om angstig te swoeg of om in die strik van 'n selfonderhoudende lewe te trap. Eintlik is die menswording van God die einde van alle strewe. As ons "streef daarna om ons aan die Here toe te wy" (Hos. 6:3), doen ons dit in die wete dat dit God in Christus Jesus is wat ons genees, oprig en heel maak. Advent herinner ons daaraan dat ons werk het om te doen en ons word aangemoedig om die oproep tot 'n heilige en getroue lewe ernstig op te neem. Tog is hierdie manier van lewe nie vanuit onself nie, maar dit is 'n geskenk om te ontvang, soos lenteren wat die uitgedroogde aarde natmaak.

Gebed vir die week

Almagtige God, gee vir ons genade om die werke van die duisternis weg te werp en die wapenrusting van die lig aan te trek, in die tyd van hierdie sterflike lewe waarin U Seun, Jesus Christus, ons in groot nederigheid kom besoek het; sodat ons op die laaste dag, wanneer Hy in Sy heerlike majesteit sal terugkeer om die lewendes sowel as die dooies te oordeel, tot die onsterflike lewe kan opstaan; deur Hom wat saam met U en die Heilige Gees woon en regeer as een God, tot in alle ewigheid. Amen.

Refleksie & oefening

Terwyl gebed veronderstel is om 'n gesprek met God te wees, is dit so dikwels 'n eenrigtingmonoloog waarin ons selde stop om bloot na God te **luister**. In baie opsigte is 'n postuur van *luister* 'n fisiese vergestaltung van 'n lewe wat vry is van alle strewe. Terwyl jy vandag bid, hoe lank jy ook al in gebed met God praat, neem ten minste dieselfde tyd om na Sy stil stem te luister (1 Konings 19: 11-12).

DAG 6

Ware kennis

Psalm 85:1-2, 8-13; Jeremia 1:4-10; Handeling 11:19-26

“I beg and beseech you, Lord: grant to all who have gone astray a true knowledge of you, so that each and every one may come to know your glory.”

–St. Isaac the Syrian

In ooreenstemming met die woorde van Paulus in Romeine 12, word Christene in elke eeu uitgenooi om 'verander te word deur die vernuwing van die verstand'. Maar as mense wat aan hierdie kant van die drukpers woon, om nie eers van die internet of die iPhone te praat nie, hoe moet ons hierdie antieke woorde verstaan as eindelose brein-stimulasie en inligting net 'n “swipe” of 'n klik weg lê? Alhoewel die verstand vernuwe kan en moet word, moet dit nooit geïsoleer word van die holistiese transformasie van ons wese wat in en deur die menswording van Christus beoog word nie.

Jesus het die volheid van die mensdom aangeneem sodat die mensdom in sy volheid verlos kan word. Ons moet nooit vergeet nie: God wil hê dat ons Hom moet ken! Soos die Psalms ons vandag daaraan herinner, alhoewel ons almal afgedwaal het en in selfgemaakte ballingskap geleef het, praat die Here in Sy goedhartigheid met ons en stel Hy ons in staat om Hom te hoor (Ps. 85:9). Ware kennis van God is nie die abstrakte insameling van feite nie, maar dit is 'n ontmoeting met die lewende Christus.

Ons moet onthou dat dit moontlik is om 'n magdom inligting oor God te hê sonder om ooit sy lewende teenwoordigheid teë te kom. Geloof moet nooit tot 'n strewe na kop kennis beperk word nie. Advent leer ons dat God Sy mense in ons menslikheid liefhet, soveel so dat hy die menslike natuur op Homself neem. Elke sintuig wat aan jou gegee is, is 'n gawe van God wat jou nader aan Hom lei soos wat jy van hierdie lewe na ewige heerlikheid reis.

Gebed vir die week

Almagtige God, gee vir ons genade om die werke van die duisternis weg te werp en die wapenrusting van die lig aan te trek, in die tyd van hierdie sterflike lewe waarin U Seun, Jesus Christus, ons in groot nederigheid kom besoek het; sodat ons op die laaste dag, wanneer Hy in Sy heerlike majesteit sal terugkeer om die lewendes sowel as die dooies te oordeel, tot die onsterflike lewe kan opstaan; deur Hom wat saam met U en die Heilige Gees woon en regeer as een God, tot in alle ewigheid. Amen.

Refleksie & oefening

Soms het ons fisiese aanmanings nodig wat ons uit ons eie gedagtes uit en in die wêreld rondom ons in trek. Vind vandag maniere om met jou *hele wese* te bid. Miskien bid jy met 'n brandende kers of 'n beeld van Christus in die vertrek wat jou gedagtes en gebede help **fokus**. Oorweeg dit dalk om in die natuur te gaan wandel en God te dank vir die skoonheid en die wonderlikheid van sy skepping.

DAG 7

Om mens te word

Psalm 85:1-2, 8-13; Esegïel 36:24-28; Markus 11:27-33

“Maintain the conviction that our disorderliness is not natural to us, and do not listen to those who say, ‘It is no use talking about it, because that is just how we are made, and you cannot do anything about it.’ That is not how we are made, and if we undertake to cure ourselves, then we will be able to do some-thing about it.”

–St. Theophan the Recluse

Om as volgeling van Jesus te lewe, is om te glo dat transformasie moontlik is. Dit is om deur woord en daad te bely dat ons nie finale produkte is nie, en ons reis het ook nog nie sy eindbestemming bereik nie. Wat jou ook al snags wakker hou of deur die dag angstig laat voel, hoef nie vir ewig te definieer wie jy is of wie jy sal wees nie, maar tog is dit opvallend hoe maklik dit is om in hierdie denkwysse te verval. 'Ek was nog altyd so', sê ons en gooi ons hande in 'n nederlaag op. Alhoewel dit algemeen en verstaanbaar is, moet ons beseef dat daar niks inherent Christelik is aan hierdie manier om die wêreld of ons plek daarin te beskou nie.

Dit is moontlik om jou hele lewe te leef en nooit regtig mens te word nie. Hierdie is een van die belangrikste insigte wat ons vanuit hierdie voorbereidingsseisoen moet haal. Alhoewel ons mag eet, slaap, lag en huil, is dit moontlik om in die proses die doel waarvoor ons geskep is, te mis, naamlik om deel te wees van God se familie en deel te hê in Sy heerlikheid. Deurdat Jesus vlees en bloed geword het, het Hy hom verlaag en praat Jesus met ons 'op ons vlak'. Die kern van Sy boodskap was, is en sal vir ewig wees om te groei, en iets te word wat ons nie voorheen was nie.

Soos God in Esegïel 36:26 belowe, “Ek sal julle 'n nuwe hart en 'n nuwe gees gee, Ek sal die kliphart uit julle liggaam uithaal en julle 'n hart van vleis gee.” In wese is dit 'n belofte van transformasie. Dit is 'n herinnering dat 'n mens kan leef sonder om werklik te lewe. Kortom, dit is 'n uitnodiging om volkome mens te word.

Gebed vir die week

Almagtige God, gee vir ons genade om die werke van die duisternis weg te werp en die wapenrusting van die lig aan te trek, in die tyd van hierdie sterflike lewe waarin U Seun, Jesus Christus, ons in groot nederigheid kom besoek het; sodat ons op die laaste dag, wanneer Hy in Sy heerlike majesteit sal terugkeer om die lewendes sowel as die dooies te oordeel, tot die onsterflike lewe kan opstaan; deur Hom wat saam met U en die Heilige Gees woon en regeer as een God, tot in alle ewigheid. Amen.

Refleksie & oefening

As jy nog nie een het nie, oorweeg dit om 'n **gebedsjoernaal** tydens hierdie Advent te begin. Terwyl ons deur hierdie lewe reis, is dit belangrik om te onthou waar ons oral was, en nog belangriker, wie ons in die proses geword het. Die eenvoudige neerpenning van jou lewe by God kan dien as 'n bron van aanmoediging en 'n herinnering aan Sy getrouheid in jou lewe, veral in seisoene waarin jy geneig is om Sy goedheid en liefde vir jou te vergeet.

Week 2

DAG 8

Om na Christus te wys

Jesaja 40:1-11; Psalm 85:1-2, 8-13; 2 Petrus 3:8-15a; Markus 1:1-8

“Where there is no fear, in like manner there is no amendment; where there is no amendment, repentance is of necessity vain, for it lacks the fruit for which God sowed it; that is, man’s salvation.”

–Tertullian

Het jy al na 'n ou ikoon of historiese Christelike skildery gekyk en gesukkel om te verstaan wat aangaan? As dit die geval is, is jy in goeie geselskap! Terwyl die skoonheid en eerbied van hierdie tydlose werke waardeer word, word die moderne kyker dikwels in die duister gelaat, onduidelik oor wie en wat uitgebeeld word, en gevolglik hoe om sulke kunswerke behoorlik te begryp en te waardeer. Daar is egter een figuur wat altyd maklik uitgeken kan word: Johannes die Doper. Hoe word hy uitgeken? Aan sy vinger.

Alhoewel hy algemeen onthou word vir sy unieke dieet en dramatiese kleredrag, is Johannes die Doper se wysvinger in baie opsigte sy belangrikste kenmerk, want daarmee vervul hy sy primêre rol in die verlossingsverhaal. Johannes help ons om ons oë op Christus te rig en wys ons waarheen ons moet gaan as ons gedisorïenteerd is. Hy help ons om opnuut na Christus te kyk wanneer ons verward is en geen pad vorentoe kan sien nie. Kortom, hy herinner ons, dikwels met groot passie en dringendheid, waar ons fokus behoort te wees.

In hierdie tweede week van Advent fokus ons op twee temas: voorbereiding en berou. Soos Jesaja 40:3 ons herinner: “Maak vir die Here 'n pad in die woestyn, maak in die barre wêreld 'n grootpad vir ons God!”. In die bedrywigheid van hierdie vakansietydperk sal jou fokus waarskynlik verdeel word en in 'n klomp verskillende rigtings getrek word. Maar te midde van die geskarrel word Christene elke jaar weer uitgenooi om hul harte in te stel op die antieke woorde van die profeet wat verkondig: “Bekeer julle en laat julle doop en God sal julle sondes vergewe” (Mark. 1:4). Ons Here kom. Mag Hy ons in gereedheid en afwagting vind.

Gebed vir die week

Barmhartige God wat U boodskappers, die profete, gestuur het om bekering te verkondig en die weg vir ons redding voor te berei: gee ons genade om om ons hele lewe oop te maak vir U, sodat ons die koms van Jesus Christus, ons Verlosser, met blydschap kan groet; Jesus Christus wat saam met U en die Heilige Gees, God drie-enig, woon en regeer tot in alle ewigheid. Amen.

Refleksie & oefening

Dit is onmoontlik om onself ten volle toe te wy aan 'n klomp verskillende passies of ambisies. Daarom sal ons hierdie week tyd neem om te **vas** - 'n tydlose dissipline wat aandagtigheid aanmoedig deur afleidings uit te skakel. Oorweeg dit om vandag te vas van die “geraas” in jou lewe – maar doen dit op 'n manier wat sinvol is binne jou konteks. Miskien neem jy 'n blaaskans van TV, musiek of potgooie. Gaan stap. Ry in jou motor met die radio af. Wees kreatief, maar onthou, ons sê “nee” om te kan “ja” sê vir iets beter!

DAG 9

Hemelse vrede

Psalm 27; Jesaja 26:7-15; Handeling 2:37-42

“Acquire the Spirit of Peace and a thousand souls around you will be saved.”

–St. Seraphim of Sarov

Soos wat talle kersliedere, films en gesinstradisies hierdie seisoen vul, beweeg ons deur die dae toegevou in 'n warm, nostalgiese gloed. Ons sing dan ook graag “stille nag, heilige nag, alles rus, eensaam wag.” Hoewel ons hierdie seisoen met vreugde kan vier as een van “soete Hemelse rus” of vrede, moet ons hierdie vrede nie te vinnig aan ongestoorde rustigheid koppel nie. Die werklikheid is dat die Inkarnasie van Christus allesbehalwe kalm was - daar was aardse magte wat onmiddellik verontrus en woedend was as gevolg van die geboorte van ons pasgebore Koning (Matt.2).

Vrede is nie die afwesigheid van konflik nie, maar wel die teenwoordigheid van God te midde van chaos. Die Psalmdigter herinner ons hieraan deur te sê: “Al sou 'n leër teen my stelling inneem, sal ek nie bang word nie. Selfs al sou die aanval op my begin, sal ek nog steeds vertrouê hê.”(Ps. 27:3). Hy het iets in sy diepste wese geweet wat ons daagliks geneig is om te vergeet: vrede is nie in omstandighede nie, maar word vrylik deur God as geskenk gegee. Dit is dus moontlik om deur pynlike en deurmekaar seisoene te gaan en tog 'n persoon van diepgaande vrede te bly.

Daar is 'n aanhoudende versoeking om innerlike vrede te koppel aan eksterne kalmte. Hoewel sommige hoofstukke van die lewe eenvoudiger of minder stresvol is as ander, kan ons nooit 'n lewe waarborg wat vry is van alle konflik of benoudheid nie. Soos Jesus ons self herinner: “Dit sê Ek vir julle, sodat julle vrede kan vind in My. In die wêreld sal julle dit moeilik hê; maar hou moed: Ek het die wêreld klaar oorwin”(Joh. 16:33)! Dit baat ons niks om ons oor 'n mik te bekommer oor die uitdagings wat ons in die gesig staar nie. In plaas van bekommernis, word ons daagliks uitgenooi om vry te lewe van alle vrees, nie as 'n vorm van blinde optimisme nie, maar eerder diep gewortel in die oorwinning van God wat in Jesus behaal is.

Gebed vir die week

Barmhartige God wat U boodskappers, die profete, gestuur het om bekering te verkondig en die weg vir ons redding voor te berei: gee ons genade om om ons hele lewe oop te maak vir U , sodat ons die koms van Jesus Christus, ons Verlosser, met blydschap kan groet; Jesus Christus wat saam met U en die Heilige Gees, God drie-enig, woon en regeer tot in alle ewigheid. Amen.

Refleksie & oefening

Dikwels word angs in ons lewens gemanifesteer as 'n lewe van voortdurende haas. Ons raak vry van hierdie haastigheid wanneer ons leer om in die **vrede** van God te rus. Kies dus vandag om te vas van *haastigheid*. As jy 'n maaltyd met ander deel, maak 'n punt daarvan om laaste klaar te eet. Of, as jy iets in 'n winkel gaan koop, kies doelbewus die langste ry en leer om die drang te weerstaan om na die volgende ding te jaag!

Alles nuutgemaak

Psalm 27; Jesaja 4:2-6; Handeling 11:1-18

“For that which He has not assumed He has not healed; but that which is united to His Godhead is also saved.”

–St. Gregory of Nazianzus

Bekering is 'n herinnering dat God daarvan hou om dit wat siek is te genees en alles wat afgebreek is, te herstel. As daar geen moontlikheid vir vernuwing is nie, waarom sou enigeen dan in die eerste plek bekeer? Om tot bekering te kom, is nie net om 'n mens se sonde en tekortkominge te erken nie, maar dit is om vorentoe te kyk met hoop en die onwrikbare geloof dat God ons nie sal laat soos ons is nie, maar ons uit genade sal omskep na die beeld van Jesus.

Wanneer ons besin oor die menswording van Jesus gedurende hierdie Adventseisoen, is dit belangrik om te onthou waarom Jesus gekom het. Jesus het nie ons wêreld binnegekom omdat Hy eensaam was nie, en Hy is ook nie deur 'n goddelike bevel gedwing om dit te doen nie. Liefde was en sal altyd die enigste lens wees waardeur die geboorte van Christus behoorlik verstaan kan word. Om waarlik lief te hê, is om die goeie te begeer. Wanneer God die mensdom sien ly en verlore gaan deur sonde, kyk Hy na ons met medelye en verlang Hy daarna om ons te bevry van “die sonde wat ons so maklik omring” (Heb.12:1).

Deur ons liefde vir onself en strewe na gemak, word ons vervreem van God en mekaar. Ons is soos die Israeliete van ouds bedek met onreinheid en ons hande is gevlek met bloed (Jes. 4:4). Dit klink dalk erg, maar hierdie besef is die begin van ware bekering. Eers as ons ons siekte raaksien en erken, kan ons die genesende medisyne begin waardeur wat ons liefdevolle Here aan ons bied.

Gebed vir die week

Barmhartige God wat U boodskappers, die profete, gestuur het om bekering te verkondig en die weg vir ons redding voor te berei: gee ons genade om om ons hele lewe oop te maak vir U, sodat ons die koms van Jesus Christus, ons Verlosser, met blydschap kan groet; Jesus Christus wat saam met U en die Heilige Gees, God drie-enig, woon en regeer tot in alle ewigheid. Amen.

Refleksie & oefening

Soos vandag se refleksie ons herinner, moet ons leer om vry te word van die liefde vir die “eie ek”. Kies vandag om *eiebelang* te vas. Ware nederigheid is nie om minder van jouself dink nie, maar om minder *aan* jouself te dink. Beoefen vandag nederigheid deur die hele dag te gaan sonder om na jouself in die spieël te kyk!

Gereed en in afwagting

Psalm 27; Maleagi 2:10 & 3:1; Lukas 1:5-17

“Idleness is the enemy of the soul.”

–Rule of St. Benedict

As jy al ooit gaste vir ete onthaal het, ken jy die roetine. Ure voor hul aankoms berei jy die kos ywerig voor, maak jy die huis noukeurig skoon en maak jy gereed om hulle te verwelkom wanneer hulle daar aankom. As jy slaag, sal dit alles moeiteloos lyk, asof jy alles sommer op die nippertjie saamgegooi het! Die doel is om gereed te wees en te wag. Met die voorbereiding en harde werk agter die rug, hoef jy net jou aandag op die eregas te vestig.

Op 'n soortgelyke wyse is Advent die kook en skoonmaak wat vooraf behoorlik gedoen moet word om ons gas behoorlik te verwelkom. Dit is nie werk net ter wille van werk nie, besig net om besig te wees, of 'n oppervlakkige besorgdheid oor voorkoms nie. Nee, dit is, in teenstrydigheid daarmee, die weg na ware vryheid en rus. Wanneer daar behoorlike voorbereidings getref word, kan ons met 'n unieke fokus en toewyding lewe - nie behep met die gewig van die wêreld of die pligte van ons lewe nie.

Die voorbereiding van ons harte en verstand stel ons in staat om op Christus te fokus met Sy koms. Ons sit alle aardse sorges opsy om ons volle aandag en toewyding aan Hom te bied. Moenie verkeerdelik 'besig wees' met getrouheid verwar en ledigheid met sielorus nie. Ons moet leer om volkome rustig te wees, terwyl ons ten volle oplettend bly. Slegs dan, in die woorde van Lukas 1, sal ons 'n volk wees wat vir die Here voorberei is (Luk.1:17).

Gebed vir die week

Barmhartige God wat U boodskappers, die profete, gestuur het om bekering te verkondig en die weg vir ons redding voor te berei: gee ons genade om om ons hele lewe oop te maak vir U, sodat ons die koms van Jesus Christus, ons Verlosser, met blydschap kan groet; Jesus Christus wat saam met U en die Heilige Gees, God drie-enig, woon en regeer tot in alle ewigheid. Amen.

Refleksie & oefening

Dit is onmoontlik om terselfdertyd op Christus te fokus én ander te veroordeel! Vas vandag van **skinder** en weerstaan die drang om sleg te praat van ander mense. As jy in die versoeking kom om kritiek te lewer, bid dan die Jesus-gebed en onthou jou eie behoefte aan genade en vergifnis: “Here Jesus Christus, Seun van God, ontferm U oor my, 'n sondaar.”

Hou aan wag

Psalm 126; Habakuk 2:1-5; Filippense 3:7-11

“Do not be surprised that you fall every day; do not give up, but stand your ground courageously.”

–St. John Climacus

Gister het ons gepraat oor die noodsaaklikheid van oplettheid, en dat ons getrou moet wag op die koms van ons “gas” (die Here). Wat doen ons egter wanneer dit lyk asof ons gas laat is? Eet ons sonder hom? Bel ons of stuur ons herhaaldelik boodskappe om te vra hoe lank nog? Of miskien kanselleer ons die ete heeltemal en gaan bed toe. Selde doen ons egter die een ding wat ons eintlik moet doen: hou aan wag!

Die onvermoë om geduldig te wag en die Here se tydsberekening te vertrou, het Sy volk van die begin af geteister. Wat het die Israeliete gedoen toe Moses op die berg Sinai verdrag is? Hulle het sake in eie hande geneem en 'n goue kalf gemaak om as god te aanbid (Eks.32). Wat doen ons wanneer ons verwagtinge en God se tydsberekening lyk of dit nie met mekaar ooreenstem nie? So dikwels neem ons te vinnig aan dat God onbetrokke en ongeërg is wanneer dit kom by ons sorges en bekommernisse, en daarom glo ons dat ons ons lot in eie hande moet neem.

Verlengde seisoene van wag kan ongeduld, moegheid en selfs bittere wrewel in ons harte en lewens laat wortel skiet. Dit is 'n daaglikse stryd om ‘aan te hou wag’ te midde van sulke groot pyn en hartseer, en dikwels misluk ons. Tog is Advent nie 'n tyd om stil te staan by ons mislukkings nie, maar om ons te laat verheug in die goedheid en trou van God. Hoe moeilik dit ook al mag wees, beur ons dus moedig voort en sien ons uit na die dag wanneer God die wêreld uiteindelik sal regstel. Soos Hy deur die profeet Habakuk belowe, “Die openbaring geld vir 'n bepaalde tyd; dit sal gou kom want dit kom beslis. Jy moet net geduldig bly wag as dit nie gou kom nie, want dit kom beslis, dit sal nie uitbly nie.”(Hab. 2:3).

Gebed vir die week

Barmhartige God wat U boodskappers, die profete, gestuur het om bekering te verkondig en die weg vir ons redding voor te berei: gee ons genade om ons hele lewe oop te maak vir U, sodat ons die koms van Jesus Christus, ons Verlosser, met blydschap kan groet; Jesus Christus wat saam met U en die Heilige Gees, God drie-enig, woon en regeer tot in alle ewigheid. Amen.

Refleksie & oefening

Ons sukkel dikwels wanneer ons tyd nie noukeurig geskeduleer is nie en kies om voortdurend afleiding en stimulasie na te streef eerder as om in die oomblik aandagtig te wag. In die lig hiervan: vas vandag deur jou **selfoon** slegs vir noodsaaklike take te gebruik. Weerstaan die begeerte om dit uit te haal en nutteloos daardeur te blaai wanneer daar 'n gaping in jou dag is of 'n stilte in die gesprek is. Benut daardie tyd en wag aandagtig op die Here in gebed.

Soos die wat droom

Psalm 126; Habakuk 3:2-6; Filippense 3:12-16

“As the Wise Men offered him gifts from their treasure chests that were mystical symbols, let us too draw forth gifts worthy of God from within our hearts. He is without a doubt the giver of all good, yet he desires the fruits of our labors”

–St. Leo the Great

Drome het van nature 'n onbekombare eienskap. Dit is wat drome van 'n taak of doel onderskei. Geen deeglike beplanning of vaardigheidsverwerwing kan die sukses van 'n droom waarborg nie. Die visie is eenvoudig te groot, die hoop te kolossaal. Daarom, as en wanneer 'n droom bewaarheid word, kan ons selde ons gevoel van verbasing of die diepte van ons verwondering uitdruk. Dit is in sulke oomblikke wat ons die frase uiter: "nooit in my wildste drome nie!"

Psalm 126 is so 'n oomblik in die lewe van Israel. “Toe die Here die lot van Sion verander het, was ons soos die wat droom” (Ps. 126:1). As 'n volk wat onder die gewig van ballingskap gely het, kon Israel nooit hul verhaal herstel of hul beloofde toekoms terugeis nie. Maar in die Skrif kom ons die buitensporige liefde van God teë wat uitgestort word op hulpelose mense in groot nood. Wat Israel nie vir hulself kon doen nie, het God gedoen (Rom. 8:3). Die herstel van hul lot was niks anders as 'n droom wat bewaarheid is nie. Dit is nie anders vir ons nie.

Die geboorte van Christus is 'n droom wat ons nie eers geweet het om te droom nie. Dit is 'n liefde wat so onbaatsugtig is dat geen mens hom dit sou kon voorstel nie, wat nog te sê van die uitvoering daarvan. Dit is pure genade, die lewe van God wat gegee word vir die lewe van die wêreld. Hoe reageer ons op so 'n merkwaardige geskenk? Watter geskenk kan ons in ruil daarvoor aanbied? Ons bied niks minder as ons hele lewens nie, uitgestort in danksegging en lof. Monde gevul met lag en tonge wat jubel van vreugde (Ps 126:2). Dit is die geskenke wat ons aan die pasgebore Koning bring wat “magtig is om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink” (Ef. 3:20).

Gebed vir die week

Barmhartige God wat U boodskappers, die profete, gestuur het om bekering te verkondig en die weg vir ons redding voor te berei: gee ons genade om ons hele lewe oop te maak vir U, sodat ons die koms van Jesus Christus, ons Verlosser, met blydskap kan groet; Jesus Christus wat saam met U en die Heilige Gees, God drie-enig, woon en regeer tot in alle ewigheid. Amen.

Refleksie & oefening

Dit is maklik om in 'n fees in te jaag sonder om tyd te neem om eers voor te berei. Wanneer ons nader aan Kersdag kom, is daar die versoeking om ons tyd van voorbereiding kort te knip. Onthou, die fees kom, maar dit is nog nie hier nie. As sodanig vas ons vandag van **fees-hou** en vermy ons die voedsel wat gewoonlik tydens 'n feesmaal geniet word (vleis, alkohol, sjokolade, ens.).

Getroue gehoorsaamheid

Psalm 126; Habakuk 3:13-19; Matteus 21:28-32

“When we yield to discouragement or despair, it is usually because we give too much thought to the past and to the future.”

–St. Thérèse of Lisieux

Daar staan vandag en elke dag 'n uitnodiging tot getroue gehoorsaamheid voor ons. Hierdie toetrede tot die weg van Jesus is vir almal wat hierdie woorde gelees het, ongeag waar jy gister was of waar jy môre mag wees. Alhoewel ons al talle kere vantevore misluk het, kan die oproep tot bekering, om terug te keer, steeds gehoor, ontvang en gehoorsaam word.

In baie opsigte is dit die geskenk van die Christelike jaar. Advent is 'n jaarlikse herinnering en aanmoediging om ons verbintenis om die opdragte van Christus te hoor en te gehoorsaam, te hernu. Alhoewel ons Heer net een keer liggaamlik hierdie wêreld binnegekome het, is ons behoefte aan Hom om opnuut in ons gebore te word oneindig. Soos 'n motor wat nie belyn is nie en wat na links of regs trek, beleef ons die lewenslange versoeking om af te wyk van die pad wat voor ons lê. Ons is, soos 'n ou gesang sê, “geneig om te dwaal.”

Jesus herinner ons in Matteus 21 daaraan dat getrouheid nie net gevind word in die woorde wat ons spreek nie, maar in en deur die lewens wat ons leef. Die Vader se wil word gedoen deur die Seun wat gehoorsaam is, alhoewel Hy eers die opdrag wat aan Hom gegee is, weerstaan het. Jy word nie gedefinieer deur hoe jy begin nie, maar eerder hoe jy eindig. Soos ons gister gelees het, moet ons vergeet wat agter lê en eerder uitstrek na wat voorlê (Fil 3:13). Om die verlede te vergeet, is nie om voor te gee dat dit nie gebeur het nie, maar om die mag daarvan oor jou lewe te verwyder. In Christus word jy van jou verlede verlos en word dit omskep in 'n glorieryke toekoms as jy Hom in die hede getrou volg.

Gebed vir die week

Barmhartige God wat U boodskappers, die profete, gestuur het om bekering te verkondig en die weg vir ons redding voor te berei: gee ons genade om ons hele lewe oop te maak vir U, sodat ons die koms van Jesus Christus, ons Verlosser, met blydschap kan groet; Jesus Christus wat saam met U en die Heilige Gees, God drie-enig, woon en regeer tot in alle ewigheid. Amen.

Refleksie & oefening

Om te vas kweek 'n honger na God deur minder te verbruik in ander lewensareas. Om dit te kan doen, moet ons vas van **oormaat** – ons moet leer om met minder te leef en ons honger toelaat om ons in ruimtes van groter getrouheid teenoor Christus te laat beweeg. Om dit vandag te doen, gebruik die helfte van die hoeveelheid voedsel wat jy gewoonlik sou eet terwyl jy voedsel voorberei om te eet.

DAG 15

Blywende vreugde

Jesaja 61:1-4 & 61:8-11; Psalm 126; 1 Tessalonisense 5:16-24; Johannes 1:6-8 & 1:19-28

“Love seeks one thing only: the good of the one loved. It leaves all the other secondary effects to take care of themselves. Love, therefore, is its own reward.”

–Thomas Merton

Hierdie tyd van die jaar is die gee van geskenke op die voorgrond van ons gedagtes. Jy het waarskynlik 'n lys deurgewerk en seker gemaak dat almal in ag geneem word en dat niemand oorgeslaan word nie. Net so praat ons dikwels van Jesus as die 'geskenk van Kersfees'. As ons dit reg verstaan, moet ons hierdie groot waarheid vier. Ons moet egter op ons oppassens wees om te vinnig aan Hom te dink as 'n moderne Kersgeskenk, wat toegedraai is in die krip en saggies onder die boom geplaas is.

In ons kultuur is Kersgeskenke nie noodwendig geskenke wat noodsaaklik is vir ons welsyn of daaglikse lewe nie. Jy het nie 'n nuwe rekenaarspeletjie, parfuum of 'n elektriese tandeborsel nodig nie, maar dit is presies die soorte geskenke wat ons in hierdie seisoen gee en ontvang. Dit is hoogs onwaarskynlik dat jy ooit op Kersoggend sal wakker word om 'n afbetaalde rekening te vind wat op jou wag! Nee, Kersgeskenke is veronderstel om die teenoorgestelde te doen: dit lei die aandag af van die andersins moeilike en dikwels pynlike werklikhede van 'normale lewe'. Alhoewel hulle kortstondige vreugde kan bring, bring hulle selde blywende vreugde of ware transformasie binne ons mee.

Die gawe van God in Jesus is nie 'n kortstondige oplossing nie, maar dit is 'n blywende geneesmiddel. Hy sien ons soos ons werklik is en bied Homself as 'n geskenk van liefde om ons grootste seer te genees. Liefde paai ons nie met onnodige geskenke nie en trek nie bloot ons aandag af van ons bekommernisse nie – liefde kom eerder om te vernuwe en te herstel. Jesaja herinner ons hieraan en hy vertel van 'n dag van onuitspreeklike vreugde waarin die gebroekenes herstel word, roubeklaers vertroos word en gevangenes vrygelaat word (Jes.61:1-3). Dit is ongetwyfeld die grootste Kersgeskenk wat ooit gegee kon word.

Gebed vir die week

Kom wek U krag op, Here, en kom staan met U groot krag in ons midde; en omdat ons so maklik deur ons sondes gehinder word, laat U oorvloedige genade en barmhartigheid ons help en verlos; deur Jesus Christus, onse Here, aan wie die eer en heerlijkheid saam met U en die Heilige Gees tot in alle ewigheid toekom. Amen.

Refleksie & oefening

Terwyl ons hierdie week tyd neem om na te dink oor die vreugde van Advent, moet ons onthou dat hierdie vreugde nie net vir ons eie beswil is nie, maar ook 'n gedeelde vreugde is wat ons ontvang en aan ander moet uitdeel. Ons sal dus hierdie week daarop fokus om **aalmoese te gee**, wat basies beteken om genade te betoon aan mense in nood. Terwyl ons voorberei om hierdie praktyk te beoefen, word jy vandag aangemoedig om tyd te neem om na te dink oor jou verhoudings en invloedssfeer en om moontlike maniere te identifiseer waarop jy hierdie week die barmhartigheid en vreugde van God kan uitdeel.

DAG 16

God met ons

Psalm 125; 1 Konings 18:1-18; Efesiërs 6:10-17

“Best of all, God is with us.”

–John Wesley

John Wesley het sy hele lewe aan God toegewy, talle preke gepreek, geliefde lofsange opgeteken en almal rondom hom uitgenooi om 'n lewe van heilige toewyding aan Christus te lei. Maar ten spyte van alles wat oor sy lewe en bediening gesê kan word, kan sy laaste woorde, wat met groot moeite op sy sterfbed geuiter is, die belangrikste wees wat hy ooit gesê het: “Die beste van alles, God is met ons.”

Daar is geen maklike antwoorde op die lyding wat ons in ons wêreld sien of waarom God sulke ewel laat voortbestaan nie. Alhoewel ons 'n blye volk van hoop is, weet ons dat alles nie is soos dit moet wees nie. Net soos ons nadink oor die eerste koms van Christus, verlang ons in hierdie seisoen ook na Sy wederkoms, Sy tweede advent, terwyl ons saam met Christene deur die eeue heen bid: “Kom, Here Jesus!” (Op. 22:20). Die tweede advent herinner ons daaraan dat dinge nie altyd sal wees soos vandag nie, en dit is baie goeie nuus. Alles sal eendag reggemaak word. Die nag sal plek maak vir die dag en die duisternis sal oorgee aan die lig van Christus. Soos die Psalmdigter sê: “In die nag vloei die trane, maar in die oggend is daar vreugde.” (Ps. 30:6).

Vreugde word gevind in die teenwoordigheid van God, nie in die afwesigheid van pyn nie. Ons word nie 'n lewe vry van lyding of verlies gewaarborg nie, maar ons is verseker dat God by ons is in hierdie plekke van groot nood. Soos Psalm 125:2 ons vandag herinner, word ons omring en vertroos deur 'n God wat by ons is en ons nooit sal verlaat nie. “Soos die berge Jerusalem aan alle kante beskerm, so beskerm die Here sy volk, nou en vir altyd.”

Gebed vir die week

Kom wek U krag op, Here, en kom staan met U groot krag in ons midde; en omdat ons so maklik deur ons sondes gehinder word, laat U oorvloedige genade en barmhartigheid ons help en verlos; deur Jesus Christus, onse Here, aan wie die eer en heerlikheid saam met U en die Heilige Gees tot in alle ewigheid toekom. Amen.

Refleksie & oefening

Dit is maklik om oorweldig te voel deur die gewig van ons eie pyn en lyding. Sonder om die werklikheid van ons eie behoefte aan genesing af te water, word dit al hoe moeiliker om ons lewens weg te gee ter wille van ander as ons deur ons eie bekommernisse verslaan word. Neem vandag 'n stap in die regte rigting - neem vandag die tyd om ten minste een vriend of vriendin te skakel en te vra hoe dit met hulle gaan en hoe jy hierdie week vir hulle kan bid.

Gedeelde vreugde

Psalm 125; 2 Konings 2:9-22; Handeling 3:17 & 4:4

“You cannot put straight in others what is warped in yourself.”

–St. Athanasius

Christene praat dikwels daarvoor om 'op sending' te leef of om 'die samelewing te transformeer' vir Christus. So goed en so mooi as wat hierdie aspirasies ongetwyfeld is, moet ons nooit vergeet dat uiterlike transformasie nooit vinniger kan beweeg as innerlike vernuwing nie. Ons kan nie iets wat ons nie in die diepte van ons siel ontvang en beleef het nie, met die wêreld deel nie.

Handeling 3 gee 'n toekomsvisie van verkwikking in en deur die teenwoordigheid van God, maar hierdie verkwikking word direk verbind aan ons eie wegkeer van sonde en nederige terugkeer na ons Here. Dit is die eerste en primêre oproep van Christus wat aan elke dissipel gegee word, en hoewel dit duidelik en maklik genoeg is om te verstaan, is dit baie moeiliker om te ontvang en te gehoorsaam. In plaas daarvan verkies ons om ander se geestelike lewens te dirigeer eerder as om na ons eie lewens saam met God te kyk!

So verleidend as wat dit mag wees, is dit nie die missionêre oproep van God nie. Ons is nie geroep om ander te veroordeel nie, maar om ons lewens weg te gee in diensbaarheid terwyl ons streef na die beswil van ander (Matt. 7:1). 'n Lewe wat vry is van die mag van sonde, is nie net vir ons eie voordeel nie, en dit is ook nie bedoel om ons van behoeftiges te isoleer nie. In plaas daarvan word ons harte vrygemaak en wanneer ander dit aanskou, ervaar hulle 'n medelydende verlange om as medesondaars in hul swakheid in te tree en te erken dat hulle genade nodig het. Soos wat ons harte vrygemaak word, word die lewe van God in ander vermeerder, en deel ons saam in die vreugde van ons Here.

Gebed vir die week

Kom wek U krag op, Here, en kom staan met U groot krag in ons midde; en omdat ons so maklik deur ons sondes gehinder word, laat U oorvloedige genade en barmhartigheid ons help en verlos; deur Jesus Christus, onse Here, aan wie die eer en heerlijkheid saam met U en die Heilige Gees tot in alle ewigheid toekom. Amen.

Refleksie & oefening

Liefdadigheid vereis aandagtige voorbereiding. Ons moet voorbereid en gereed wees om te gee; ons moet die behoeftes van ander antisipeer nog voordat dit aan ons bekend is. Koop vandag 'n paar klein geskenkbewyse by 'n plaaslike vulstasie of restaurant en plaas dit in jou motor, gereed om een weg te gee aan die volgende hawelose persoon wat jy teëkom.

Oorweldig deur vreugde

Psalm 125; Maleagi 3:16 & 4:6; Markus 9:9-13

“A sure sign of a lukewarm and proud soul is to listen carelessly and negligently to the saving medicine of words which are too zealously and too constantly uttered to it.”

–St. John Cassian

Wanneer laas was jy regtig oorweldig of oorval deur vreugde? Miskien was dit tydens die hereniging met 'n geliefde vriend of familielid na maande uitmekaar. Of jy het nuus ontvang van 'n promosie waarvoor jy al jare wag of toelating tot die universiteit van jou drome. Vir ander was dit toe 'n langdurige siekte verrassende verligting en blywende genesing gevind het. Wat dit ook al mag wees, hierdie tipe vreugde, een wat oorrompel en met groot krag oor ons kom, kan nooit nagmaak of opgetower word nie. Dit verras, oorweldig en skyn lig in selfs die donkerste oomblikke van die lewe.

Met Kersfees is ons veronderstel om oorweldig te word deur hierdie soort vreugde. Die geboorte van Christus beteken dat hoop, vrede en die lig en lewe van die wêreld ons kom ontmoet in ons swak en vermoeide toestand. Soos Maleagi 4:2 ons vandag herinner, “sal die son van redding skyn met genesing in sy strale. Julle sal vry word en bokspring soos vetgemaakte kalwers.”

Die vreugde van die Here is sterker as jou grootste vrese. Dit kan jou grootste twyfel hanteer. Dit is 'n reddende geneesmiddel wat selfs die mees siniese mense genees. En hoewel dit aan ons gegee word as 'n geskenk, is dit 'n geskenk wat eers aanvaar moet word. Ons moet ons harte en lewens oopmaak om die reddende medisyne te ontvang wat aan ons gebroke siele gebied word. Laat ons nie die genesing wat aangebied word, by ons verby laat gaan nie!

Gebed vir die week

Kom wek U krag op, Here, en kom staan met U groot krag in ons midde; en omdat ons so maklik deur ons sondes gehinder word, laat U oorvloedige genade en barmhartigheid ons help en verlos; deur Jesus Christus, onse Here, aan wie die eer en heerlijkheid saam met U en die Heilige Gees tot in alle ewigheid toekom. Amen.

Refleksie & oefening

Jy kan nie aan ander gee wat jy nie self eers ontvang het nie. Besin vandag biddend oor die goedheid van God in jou lewe en vra Hom vir die geskenk van vreugde in Sy teenwoordigheid, en die krag om die geskenk met ander te deel.

Ervaar skoonheid

Psalm 89:1-4, 89:19-26; 2 Samuel 6:1-11; Hebreërs 1: 1-4

“We do not merely want to see beauty, though, God knows, even that is bounty enough. We want something else which can hardly be put into words — to be united with the beauty we see, to pass into it, to receive it into ourselves, to bathe in it, to become part of it.”

—C.S. Lewis

In 'n kultuur wat met voorkoms behep is, word skoonheid byna altyd beskou as iets om te sien, eerder as iets om te ervaar. Ware skoonheid laat ons egter nooit onaangeraak nie, want dit is aktief en innemend en vang ons diepste begeertes en verlange vas. Ons word verander en diep geraak deur die blote aanwesigheid van skoonheid, want alle skoonheid dui op die Skepper daarvan en nooi ons om God as die ware bron van skoonheid te erken.

Skoonheid wek 'n reaksie want dit is onmoontlik om passief te bly in die teenwoordigheid daarvan. Sodra ons ware skoonheid ervaar het, streef en soek ons daarna met alles wat ons het, want ons verlange word nie net deur hierdie skoonheid wakker gemaak nie, maar ook daardeur vervul. Soos die Psalmdigter sê: “Een ding het ek van die Here begeer, dit sal ek soek: dat ek al die dae van my lewe mag woon in die huis van die Here, om die lieflikheid [skoonheid] van die Here te aanskou en te ondersoek in sy tempel.” (Ps. 27:4) .

In Jesus word die skoonheid van God ten volle vertoon. Sy barmhartigheid en goedhartigheid is nie buite bereik of abstrak nie, maar kan geken, aangeraak en ervaar word. Ons hoor en sien nie meer op 'n afstand soos ons voorvaders nie, maar in plaas daarvan spreek God tot ons deur sy Seun wat “die afskynsel is van Sy heerlikheid en die afdruksel van Sy wese” (Heb. 1:1-3a) . In Jesus kry ons die “een ding” waarna die Psalmdigter gesoek het: die skoonheid van God. Mag ons by Christus woon terwyl Hy ons daaglik verander deur die skoonheid van Sy liefde.

Gebed vir die week

Kom wek U krag op, Here, en kom staan met U groot krag in ons midde; en omdat ons so maklik deur ons sondes gehinder word, laat U oorfloedige genade en barmhartigheid ons help en verlos; deur Jesus Christus, onse Here, aan wie die eer en heerlikheid saam met U en die Heilige Gees tot in alle ewigheid toekom. Amen.

Refleksie & oefening

Hoewel finansiële geskenke 'n wonderlike manier is om mense in nood te ondersteun, kan dit nooit die geskenk om van aangesig tot aangesig in ander se **teenwoordigheid** te wees vervang nie. Gee vandag die geskenk van jou tyd en wees fisies teenwoordig by iemand in nood, luister na hulle verhaal en herinner hulle daaraan dat God hulle ken en oneindig liefhet.

Van Eva tot Maria

Psalm 89:1-4, 89:19-26; 2 Samuel 6:12-19; Hebreërs 1:5-14

“Ultimately, we understand that he became man of a virgin so that the disobedience that started with the serpent would be stopped through the very same path by which it began.”

–St. Justin Martyr

Een manier om die Advent- en Kersseisoen te verstaan, is deur die verhaal van twee geboortes: Eva, wat aan die dood en sonde geboorte gegee het, en Maria, wat aan lewe en hoop geboorte gegee het. In albei verhale kom ons 'n maagd vrou teë wat binne die guns van God leef, en elkeen is in 'n situasie wat 'n reaksie van hulle vra. Vir die een vrou was dit die versoeking om dit wat slegs as geskenk gegee kan word, te gryp. Vir die ander vrou was dit 'n aankondiging wat met groot vreugde en vertroue in die getrouheid van God ontvang is. Terwyl Eva dus die moeder van die mensdom is wat die sonde in die wêreld ingelei het, word Maria deur haar "ja" vir God die moeder van ons Here en die ware moeder van ons almal.

Die reis van Eva na Maria, wanneer ons deur hierdie lens daarna kyk, is een reis wat elke Christen moet neem. Deur haar geloofsreaksie wys Maria vir ons die manier waarop ons ook moet reageer wanneer God tot ons nader en iets van ons vra. Op hierdie manier is Maria een van die belangrikste rolspelers in die Adventseisoen – Maria beliggaam die hoop van Israel terwyl sy die getrouheid van God ontvang en verkondig.

Vandag lees ons Psalm 89, wat die inspirasie is vir die lied van Maria wat in Lukas 1 gevind word. “Ek sal altyd sing van die Here se liefdesdade, sy trou verkondig aan komende geslagte.” (Ps. 89:2). Elke volgeling van Jesus word uitgenooi om die woord van God wat tot hulle gesprek is, te ontvang, hulle te verbly in Sy getrouheid, en Sy goedheid aan toekomstige geslagte te verkondig. Alhoewel ons, net soos Eva, onself soms van ons Lewensbron vervreem, moet ons aanhou om die Here te vergroot en ons te verbly in God, ons Verlosser.

Gebed vir die week

Kom wek U krag op, Here, en kom staan met U groot krag in ons midde; en omdat ons so maklik deur ons sondes gehinder word, laat U oorvloedige genade en barmhartigheid ons help en verlos; deur Jesus Christus, onse Here, aan wie die eer en heerlikheid saam met U en die Heilige Gees tot in alle ewigheid toekom. Amen.

Refleksie & oefening

Elke persoon het 'n Godgegewe **talent** wat gebruik kan word om ander te ondersteun en aan te moedig. Watter talent, kennis of vaardigheid het jy wat iemand anders vandag kan seën? Alhoewel die versorging van die armes 'n belangrike daad van Christelike liefdadigheid is, betoon ons ook die ontferming en liefde van God op talle ander maniere, soos om kinders te onderrig, 'n lekkende pyp reg te maak of 'n webwerf te ontwerp.

Die misterie van Christus

Psalm 89:1-4, 89:19-26; Rigters 13:2-24; Johannes 7:40-52

“If he was not flesh, who was lying in the manger? And if he was not God, whom did the Angels come down and glorify? If he was not flesh, who was wrapped in swaddling clothes? And if he was not God, whom did the shepherds worship?”

–St. Ephraim the Syrian

Bekendheid kweek minagting, of so lui die spreekwoord. Miskien het jy dit al ondervind in jou eie lewe en nabye verhoudings, wanneer jy sukkel om dieselfde vlak van vertroue, respek en intimiteit te handhaaf as wat daar eens was. As gebroke en sondige wesens, is hierdie stryd 'n realiteit en verstaanbaar, maar ons moet versigtig wees om ons lewe met Christus deur 'n soortgelyke lens te sien. Elke keer wat Jesus vir ons “sommer gewoon” raak, dat ons glo dat ons reeds alles van Hom verstaan, is dit ongetwyfeld ons tekortkominge, en nie Syne nie, waarmee ons moet worstel.

Groter vertrouwdheid met Christus maak s terselfdertyd 'n behoefte wakker vir die goedheid en barmhartigheid van God, en verdiep 'n bewustheid daarvan. Dit is wanneer ons Jesus netjies in ons voorafbepaalde kategorieë probeer inpas, dat ons in 'n strik van vertrouwdheid trap, met die veronderstelling dat ons alles weet wat ons kan weet (of miskien eerliker, alles wat ons wil weet). Ons kom voor 'n aanhoudende versoeking te staan om God na ons eie beeld voor te stel. Ware dissipelskap beteken egter om omskep te word na die beeld van Jesus.

Advent dompel ons in die diepte van die misterie van Christus: Christus wat volkome God en volkome mens is, wat in staat is om Homself met ons menslikheid te vereenselwig, maar tog ons lof en aanbidding verdien. Die skare in Johannes 7 wou hul voorwaardes en verwagtinge stel oor wat en wie die Messias sou wees. Ons trap ook maklik in hierdie selfde strik, maar ons moet onthou dat ware vreugde gevind word in nederigheid en krag wat groter is as enigiets wat ons moontlik kan voorstel!

Gebed vir die week

Kom wek U krag op, Here, en kom staan met U groot krag in ons midde; en omdat ons so maklik deur ons sondes gehinder word, laat U oorvloedige genade en barmhartigheid ons help en verlos; deur Jesus Christus, onse Here, aan wie die eer en heerlikheid saam met U en die Heilige Gees tot in alle ewigheid toekom. Amen.

Refleksie & oefening

Soos die naam aandui, is daar 'n proaktiewe werklikheid aan aalmoese gee. Dit is 'n geskenk wat ons aan behoeftiges gee. Soms word die geskenk egter gevind in ons beoefening van **selfbeheersing**, veral wanneer dinge nie gaan soos wat ons beplan het nie! Gee vandag die geskenk om nie oor alles beheer te wil neem nie. As jy jou voorkeur en behoefte aan beheer prysgee, skep jy ruimte vir ander om te uit te blink!

DAG 22

Dink oor hierdie dinge na

2 Samuel 7:1-11, 7:16; Psalm 89:1-4, 89:19-26; Romeine 16:25-27; Lukas 1:26-38

“Mary was comparing these things which she had read were to occur with those which she recognized as already having occurred. Nevertheless she did not bring these things forth from her mouth but kept them closed up in her heart.”

–The Venerable Bede

Het jy 'n privaat lewe met God, waar net julle twee verhouding bou? Soos wat ons elke aspek van ons lewens wyd en syd uistal vir almal om te sien, word dit al moeiliker om 'n 'verborge self' te behou. Ons is dalk vinnig om dinge weg te steek waaroor ons skaam of skuldig voel, maar weet ons werklik hoe om 'n lewe van heilige stilte en afsondering te kweek, en sodoende God se stem te hoor?

Met net 'n paar dae tot Kersfees, sal alles in jou lewe waarskynlik besig wees om op te hoop. Niks aan hierdie week voel gevestig, rustig of stil nie! Of, dalk is jy reeds op vakansie en begin jy reeds ontspaan. Hierdie laaste week van Advent nooi ons uit om die chaotiese impuls van angstige haas te weerstaan en eerder te luister en na te dink oor die Woord van God wat aan ons gegee is.

Terwyl Maria die lewe van 'n getroue volgeling van God gekweek het, insluitende gereelde tye van privaat gebed en toewyding, was sy aanwesig en oplettend en daarom bereid om die Woord van God te ontvang. Toe hierdie Woord egter nader kom, sien ons vandag dat dit haar gedisorïenteerd gelaat het, oorweldig deur Sy grootsheid en glorie. Wat doen sy toe? “Maria het alles wat gesê is, onthou en telkens weer by haarself daarvoor nagedink” (Luk. 2:19; sien ook Luk. 1:29). Tydens Advent kom die Here nader en spreek Hy woorde van hoop en liefde oor Sy volk. Weerstaan die drang om die dag met eindelose aktiwiteite en eksterne bekommernisse te vul, en kies eerder om die Woord van God wat aan jou gegee word te ontvang en biddend daarvoor na te dink.

Gebed vir die week

Skep in ons 'n rein hart, almagtige God, reinig ons gewete en vernuwe ons gees deur ons daaglik te besoek, sodat U Seun, Jesus Christus, by Sy koms 'n herberg vir Homself in ons kan vind. In die naam van Jesus Christus, wat saam met U woon en regeer, in die eenheid van die Heilige Gees, een God, nou en vir altyd. Amen.

Refleksie & oefening

Soos wat ons hierdie vierde en laaste week van Advent betree, bring elke dag sy eie unieke praktyke wat ons uitnoui tot verhoogde opgewondenheid en voorbereiding vir die glorie van Kersdag. Vandag word jy uitgenooi om **na te dink** oor God se Woord deur stiltetyd en afsondering. Neem ten minste 15 minute ononderbroke tyd saam met God. Geen mense, geen skerms, geen agenda nie. Wees eenvoudig teenwoordig saam met God en Sy woord wat oor jou gespreek word.

DAG 23

Maak die Here groot

Lukas 1:46b-55; 1 Samuel 1:1-18; Hebreërs 9:1-14

“Each one of us shapes his soul into the image of Christ and makes either a larger or smaller image of him. The image is either dingy and dirty, or it is clean and bright and corresponds to the form of the original.”

–Origen

Soos ons die laaste dae van ons Adventreis binnegaan, kom ons vandag by een van die mees geliefde lofsange in die hele Skrif, die *loflied van Maria*. Hier, met die Psalms en die lied van Hanna in haar hart en gedagtes, beliggaam Maria die hoop en drome van die hele Israel: “My siel maak die Here groot, en my gees is verheug in God, my Saligmaker” (Luk. 1:46-47). Soos wat ons, duisende jare later, hierdie woorde hoor en ontvang, wat beteken dit vir ons om dieselfde te doen? Hoe maak ons die Here groot saam met Maria?

Deur die eeue heen het Christene dikwels verwys na die weerspieëlende aard van die menslike siel. Op ons beste is ons veronderstel om die lewe van God te weerspieël in en deur die manier waarop ons ons lewens leef. Ons is egter nie bloot beelde om te aanskou nie, maar eerder vensters wat oopmaak na 'n groot horison; ons is spieëls wat die lig van God met elke draai weerkaats.

Een van die grootste uitwerkings van sonde op die siel is dat hierdie spieël daardeur verduister en vuil raak - ons vermoë om lewens te lei wat die Here vergroot, word dus weggeneem. Maria het nie haar bestemming in en deur haarself bereik nie. Die Here het gekom en die spieël van haar siel skoongemaak deur 'n getroue lewe van gehoorsaamheid aan God en oopheid vir Sy oproep tot haar lewe. Mag ons, soos sy, lewens leef wat God in en deur ons lewens vergroot, verheerlik en weerspieël, tot Sy eer en tot redding van die wêreld.

Gebed vir die week

Skep in ons 'n rein hart, almagtige God, reinig ons gewete en vernuwe ons gees deur ons daaglik te besoek, sodat U Seun, Jesus Christus, by Sy koms 'n herberg vir Homself in ons kan vind. In die naam van Jesus Christus, wat saam met U woon en regeer, in die eenheid van die Heilige Gees, een God, nou en vir altyd. Amen.

Refleksie & oefening

Alhoewel ons almal aan die begin van ons geloofsreis verdruk was deur sonde, sien ons dat die Here, soos wat ons saam met Hom reis, getrou is om die spieël van ons siel te reinig en ons sodoende **Sy lig te laat weerkaats**. Neem vandag tyd om in jou dagboek neer te skryf hoe God deur die jare hierdie werk in en deur jou lewe gedoen het.

DAG 24

Alles word deur God gevul

Lukas 1:46b-55; 1 Samuel 1:19-28; Hebreërs 8:1-13

“The Self-revealing of the Word is in every dimension — above, in creation; be-low, in the Incarnation; in the depth, in Hades; in the breadth, throughout the world. All things have been filled with the knowledge of God.”

–St. Athanasius

Een van die mooiste gebede van die antieke kerk herinner ons daaraan dat God “oral teenwoordig is en alles vul”. Daar is geen enkele plek in die skepping wat nie geraak word deur die heerlikheid van God nie, en daar is ook geen hoek van die menslike hart wat nie na God verlang en in die lig van Sy liefde wil lewe nie. God se liefde strek tot in alle wêrelddele, en soos Paulus ons herinner, versoen Hy ons en die wêreld met Homself (2 Kor. 5:9 & 5:18).

Die skrywer van Hebreërs, wat Jeremia aanhaal, herinner ons vandag daaraan dat God lankal beloof het om die harte en lewens van Sy volk te vul. God openbaar Homself aan Sy skepping deur dit met Sy teenwoordigheid te vul, en hierdie groot belofte word uniek vervul deur die geboorte van Jesus Christus. Hoe gaan God dan te werk om Sy wet 'op hulle harte' te skryf (Heb. 8:10)? Alhoewel die wet in regstaal gesetel is, is dit fundamenteel 'n belofte van intimiteit, 'n belofte van eenheid. “Dan hoef niemand meer sy medeburger te leer en vir sy broer te sê: ‘Jy moet die Here ken’ nie. Hulle almal, klein en groot, sal My ken.” (Heb. 8:11).

Jesus betree die gebrokenheid van ons bestaan sodat ons God in die diepte van ons wese kan ken. Hy vul alle dinge sodat ons ons vervulling en ware tuiste in Hom kan vind. Die beroemde woorde van Sint Irenaeus lui: “The glory of God is man fully alive.” Christus se geboorte herinner ons opnuut daaraan dat ons waarlik en ten volle begin leef wanneer ons God se heerlikheid in alles begin raaksien.

Gebed vir die week

Skep in ons 'n rein hart, almagtige God, reinig ons gewete en vernuwe ons gees deur ons daaglik te besoek, sodat U Seun, Jesus Christus, by Sy koms 'n herberg vir Homself in ons kan vind. In die naam van Jesus Christus, wat saam met U woon en regeer, in die eenheid van die Heilige Gees, een God, nou en vir altyd. Amen.

Refleksie & oefening

Die menswording van God, in Christus, herinner ons daaraan dat God ons fisiese wêreld liefhet en ons, ons siel en ons liggaam, sal verlos. Neem vandag tyd om jou te **verheug in die skepping van God**, en dank God vir die ontelbare maniere waarop die skepping Sy naam uitroep en prys.

DAG 25

'n Triomftog

Lukas 1:46b-55; 1 Samuel 2:1-10; Markus 11:1-11

"We become what we love and who we love shapes what we become. If we love things, we become a thing. If we love nothing, we become nothing. Imitation is not a literal mimicking of Christ, rather it means becoming the image of the beloved, an image disclosed through transformation."

–St. Clare of Assisi

Dit voel dalk vreemd om twee dae voor Kersfees in Markus 11 van die Triomftog (of Intog) van Jesus te lees. Jy wonder miskien of die voorgeskrewe tekste deurmekaar en verkeerd geplaas is, en dit is met die eerste oogopslag 'n redelike aanname om te maak. Daar is wel diep wysheid wat ons kan verkry deur hierdie verhaal vandag te lees, want dit herinner ons daaraan dat Advent, net soos die Triomftog, die verhaal is van 'n naderende koms en 'n intog.

Toe Jesus Jerusalem nader, was Hy omring deur mense met duidelike verwagtinge van wie hulle veronderstel het Hy moes wees as leier en ook wie Hy nie moes wees nie. In hulle gedagtes was Hy 'n politieke rewolusionêre leier, wat triomfantelik ingegaan het om Rome omver te werp en Israel weer in hul regmatige plek van mag te herstel. Sy intog op 'n donkie in Jerusalem verdiep ons begrip van Sy nederige geboorte in Betlehem; dit herinner ons aan die aard van Sy heerskappy. Die baba in die krip is die pasgebore Koning, wat gekom het om Sy volk te bevry, maar tog doen Hy dit nie met geweld of mag nie, maar deur die nederigheid en liefde van die kruis.

En so, tydens Kersfees en Paasfees, skyn die naderende koms van God in Jesus, 'n lig op die dinge wat ons die liefste het en wat vir ons die belangrikste is. Wat openbaar die geboorte van Christus in jou binneste? Hoe skyn dit 'n lig op die dinge wat jy die liefste het en wat die naaste is aan jou hart? Dit is maklik om 'n weergawe van God lief te hê wat gerieflik aan al ons behoeftes en begeertes voldoen. Soos vers 8 sê, "Baie mense het van hulle klere op die pad oopgegooi" (Mark. 11:8). Baie mense sal Christus hierdie week in hul harte en gedagtes hê. Die vraag is dus of ons Hom sal toelaat om ons liefdes, begeertes en aannames te transformeer en soos Hy te word?

Gebed vir die week

Skep in ons 'n rein hart, almagtige God, reinig ons gewete en vernuwe ons gees deur ons daaglik te besoek, sodat U Seun, Jesus Christus, by Sy koms 'n herberg vir Homself in ons kan vind. In die naam van Jesus Christus, wat saam met U woon en regeer, in die eenheid van die Heilige Gees, een God, nou en vir altyd. Amen.

Refleksie & oefening

Die manier waarop ons ons geld spandeer, is dikwels een van die duidelikste aanduidings van wat ons regtig liefhet. Om ons liefdes te laat omskep deur die liefde van God, moet ons eers identifiseer waar ons nie met God bely is nie – waar ons begeertes nie met die van God ooreenstem nie. Neem vandag 'n eenvoudige **oudit van jou uitgawes** en let op waarheen jou fondse die afgelope gegaan het en wat dit dalk sê oor die dinge waarvoor jy die liefste is.

DAG 26

Die lig van liefde

Jesaja 52:7-10; Psalm 98; Hebreërs 1:1-4; Johannes 1:1-14

“Not only is the Word of God indeed truly light, but he is also the giver of light to all whom he infuses with the light of understanding.”

–St. Cyril of Alexandria

Die Joodse volk het van die begin af die tradisie behou van dae wat saans begin – hierdie dae duur dus van sonder tot sonder. Christene het hierdie tradisie aangepas en voortgesit deur in biddende afwagting byeen te kom die aand voor 'n belangrike viering of fees. Oukersaand is die mees blywende voorbeeld van hierdie tradisie. Wat jou kerklike agtergrond ook al mag wees, jy het waarskynlik al die vreugde ervaar om tydens hierdie heilige nag met ander gelowiges bymekaar te kom en lofliedere by kerslig te sing.

In 'n seisoen waarin lig en duisternis baie voorkom, lei hierdie aand ons reis op 'n dramatiese wyse in sy laaste hoofstuk in. Soos ons teks ons herinner: “Die lig skyn in die duisternis, die duisternis kon dit nie uitdoof nie” (Joh. 1:5). Alhoewel die duisternis deur ons hele lewe voortduur, is Kersfees die belofte dat dit nooit die finale sê of laaste woord sal hê nie. Hoe donker dit ook al mag wees, daar is altyd 'n lig te vind. Nie net word die lig nooit oorwin nie, maar die lig bereik ons in die duisternis en belooft ook dat ons self deur die lig verander sal word.

Jesus Christus is die lig van die wêreld, die “ware lig wat elke mens verlig” (Joh. 1:9). Hy betree die duisternis en vind ons. Hy hul ons in sy lig en verlig alles wat deur sonde verduister word, sodat ons saam met Hom kan skyn. Die lig van Christus verneder of verbitter ons nie, maar stel plekke van slawerny aan sonde en onderdrukking bloot, sodat ons vrygemaak kan word. Hy is liefde se suiwer lig, 'n liggewende straal wat met genesing in sy vlerke kom. Voorwaar, in die donkerte van hierdie nag, kyk ons met hoop en groot verwagting na die dagbreek van verlossende genade.

Gebed vir Oukersaand

O Here, U het hierdie heilige nag laat skyn met die helderheid van die ware Lig. Gee dat ons waarlik die misterie en lewe van hierdie Lig sal ken en sal toelaat en meewerk dat U die duisternis in en om ons verdryf. In die Naam van die Vader, Seun en Heilige Gees. Amen.

Refleksie & oefening

In ons kultuur, bestaan Oukersaand dikwels uit 'n spesiale maaltyd saam met die gesin of die toedraai van die laaste geskenke om dit diskreet onder die boom te plaas. Benewens hierdie gebruike, kan jy dit oorweeg om vanaand saam met geliefdes rustig te raak en die verhaal van Christus se geboorte by kerslig te lees, sodat dit die laaste woorde in jou hart en gedagtes kan wees terwyl jy aan die slaap raak.

DAG 27

Geen kamer in die herberg nie

Jesaja 9:2-7; Psalm 96; Titus 2:11-14; Lukas 2:1-20

“The entire human race had a place, and the Lord about to be born on earth had none. He found no room among men. He found no room in Plato, none in Aristotle, but in a manger, among beasts of burden and brute animals, and among the simple, too, and the innocent.”

–St. Jerome

Oukersaand is 'n toetrede tot die glorie, wonderlikheid en majesteit van die vleeswording, met die leërskaar van die hemel wat God in die hoogste plek prys, maar Kersdag bring 'n sekere nederigheid mee; 'n blymoedige geloof soos ons saam met die Heilige Gesin in die stal byeenkom. Jesus Christus is die Here van die skepping, maar in hierdie wêreld was daar geen plek vir Hom nie, geen geboorteplek kon vir Hom gevind word nie. Dit is waar in 'n historiese sin, maar as ons oë het om te sien en ore om te hoor, is dit 'n woord wat vandag spesiaal tot in ons harte spreek.

Wanneer die herberg van ons hart tot oorloopen toe gevul is met arrogansie en meerderwaardigheid, eiebelang en hebsug, is daar geen ruimte vir die nederige Koning om in te gaan nie. Nogtans gaan Hy in, want Hy is goed en het ons lief in ons blindheid; en so gaan Hy in en gaan tuis onder die diere en die onskuldiges, die suiwer en nederiges van hart. As ons Christus hierdie Kersfees wil ontmoet, moet ons ook bereid wees om die nederigheid van die stal te betree en daar ons ware tuiste te vind, die weg wat na die lewe lei.

As jy vind dat daar geen plek vir Christus in die herberg is nie, is dit dalk tyd om die herberg agter te laat! So dikwels is ons verlief op die herberg, die troos en gerieflikhede van hierdie lewe, en sit ons net en wag en hoop dat Christus na ons toe sal kom in daardie plek van afwagting. Ons word egter nie geroep om heel tevrede in ons sondes te sit en wag nie, maar ons word aangesê: “laat ons elke las van ons afgooi, ook die sonde wat ons so maklik verstrik” (Heb. 12:1). Ja, met Kersfees kom Jesus na ons toe, maar as daar geen plek in die herberg is nie (Luk. 2:7), moet ons met vrymoedigheid na Hom toe gaan!

Gebed vir Kersdag

Almagtige God, U het U eniggebore Seun gegee om ons menslikheid op Hom te neem en om vandag gebore te word. Gee dat ons U teenwoordigheid opnuut in ons eie menswees sal ontdek. Mag ons daagliks vernuwe word deur U Heilige Gees; deur onse Here Jesus Christus aan wie die eer en heerlikheid toekom tot in alle ewigheid. Amen.

Refleksie & oefening

Kersfees nie net 'n enkele dag nie, maar 'n feesseisoen ! Met die harde voorbereidingswerk wat nou agter die rug is, kan jy die vreugde en die vrede van Kersfees betree en fees vier saam met geliefdes, en elke dag opnuut bewus wees van die hoop wat ons het in Jesus Christus, God met ons.